



Die aanvang en omvang van anti-Semitisme in die antieke heidenwêreld in en rondom die Nuwe-Testamentiese tydvak

Andrie du Toit
Navorsingeenheid vir Nuwe Testament
Fakulteit Teologie
Universiteit van Pretoria
PRETORIA
E-pos: latoit@ccnet.up.ac.za

Abstract

The beginnings and extent of anti-Semitism in ancient paganism in and around the New Testament period

The term “anti-Semitism” is in fact a misnomer, since it implies antipathy towards all people of Semitic origin. Not all conflicts between Jews and non-Jews should be seen as due to anti-Semitism. Anti-Semitism is still very alive today and needs to be constantly monitored and exposed. However, ancient anti-Semitism should not be studied through the lenses of our modern perceptions. Anti-Jewish trends seem to have originally developed in the Diaspora, more specifically in Egypt. In the period up to 150 B.C. an anti-Semitic attitude still manifested itself very sporadically. In the following period it increased considerably and gradually became more internationalized. Evidence of anti-Semitic feelings and attitudes is found in Egypt, Babylonia, Palestine, Syria, Asia Minor and Rome.

1. Inleidend

Net soos ander moderne vorms van rassisme is anti-Semitisme ’n gevaar wat talle eietydse samelewings bedreig. Ook in Suid-Afrika kom daar telkens opflikkerings van anti-Semitisme voor. Veral die huidige opkoms van pro-Arabiese tendense in ons land bring mee dat nuwe uitinge van anti-Semitisme geensins meer as ’n blote vlug van die verbeelding afgemaak kan word nie. Dit is daarom sinvol om juis nou aandag te gee aan die opkoms, verspreiding en oorsake van die antieke anti-Semitisme. In hierdie artikel word aan die eerste twee aspekte aandag gegee.

Die term “anti-Semitisme” is veel jonger as die *saak* waarna dit verwys. Dit is volgens Sevenster (1975:1) waarskynlik die eerste keer in 1880 deur W. Marr gebruik. Hierdie term is eintlik heeltemal misleidend want dit skep foutiewelik die indruk van antipatie teenoor alle persone van Semitiese herkoms. Dit gaan hier immers om ’n spesifieke anti-Joodse ingesteldheid. Daarom sou terme soos “anti-Joods” en “anti-Joodsheid” veel meer in die kol wees. Ongelukkig het die benaming “anti-Semitisme”, hoe misleidend dit ook al is, reeds so ingeburger geraak dat ons dit ook in hierdie artikel nie sal kan vermy nie.

Dit sou ’n ernstige mistasting wees om elke vorm van botsing tussen Jode en nie-Jode onder die vlag van anti-Semitisme te plaas. Die bloedige Ou-Testamentiese oorloë het byvoorbeeld uit normale magskonflikte voortgespruit en het hoegenaamd niks met anti-Semitisme te make gehad nie. Anti-Semitisme is meer as ’n blote konfrontasie met persone van Joodse herkoms; dit is ’n voortgaande ingesteldheid van vooroordeel, negatiewiteit, selfs haat teenoor lede van die Joodse volk wat by geleentheid in aggressiewe optredes kan uitmond. Heinemann (1931: 3) kenskets anti-Semitisme bloot as ’n “grundsätzlich unfreundliche Gesinnung und Haltung gegen Juden”. Holsten daarenteen stel dit veel skerper: anti-Semitisme meet die Jood, bloot vanweë sy Joodsheid, met ’n ander maat as die nie-Jood; dit dek die ganse spektrum van gevoelens en optredes “zwischen instinkmässiger Aversion ... bis zu einem Hass, der sich die planmässige Ausrottung aller Juden zum unverrückbaren Ziele setzt” (Holsten, 1957: kol. 456). Wie die datums van Heinemann en Holsten se skrywes vergelyk, sal die rede vir hierdie verskil onmiddellik insien!

In sy onderhawige artikel in die derde uitgawe van die gesaghebbende werk *Die Religion in Geschichte und Gegenwart* verklaar Holsten (1957: kol. 456) dat ’n oorsig oor die historiese verloop van anti-Semitisme min of meer met die boek Ester sou moes begin, om by die vernietiging van ses miljoen Jode onder die Nasionaal-sosialisme te eindig. Oor Holsten se beginpunt sou gedebatteer kon word. Sy “eindpunt” is egter nog meer disputabel. Die geskiedenis van die mensdom leer ons immers dat anti-Semitisme, vandat dit eenmaal wortelgeskiet het, ’n blywende ondermaanse verskynsel is wat hom telkens weer in meer of minder opvallende gedaantes manifesteer. In die huidige Duitsland, maar ook in die Arabiese wêreld, is dit duidelik die geval. Soos reeds gemeld, is ook ons eie Suid-Afrikaanse geskiedenis nie vry van anti-Semitisme nie.

Hierdie artikel word beperk tot die aanvang en omvang van anti-Semitisme in sy aanvangsfase, te wete die tydvak rondom die begin van ons jaartelling. ’n Tweede beperking bestaan daarin dat doelbewus geen aandag aan die moontlikheid van anti-Semitisme in die Nuwe Testament en die vroeë Christendom gegee word nie. Hierdie uiters sensitiewe en omstrede aangeleentheid vereis ’n afsonderlike diepte-ondersoek wat onmoontlik hier ter sprake kan kom.

2. Die eerste spore van antieke anti-Semitisme

Sevenster (1975:6-35) het uitvoerig aandag gegee aan die talle probleme waarvoor 'n historiese ondersoek na die antieke anti-Semitisme te staan kom. Die eerste probleem lê by die aard van ons primêre bronne: hulle is beperk, nie-vertegenwoordigend en feitlik nooit neutraal nie. Die tweede probleem lê by die moderne navorser: ook hy is geensins vry van vooroordele nie; sy interpretasie van die antieke bronne word bepaal deur sy anti-Semitiese of filo-Semitiese vooroordele. Eersgenoemde ingesteldheid blyk duidelik by skrywers uit die Nazi-tydvak; laasgenoemde uit feitlik alle Joodsvriendelike bronne uit die tweede helfte van ons eeu. 'n Derde baie wesenlike probleem lê daarin dat ons geneig is om ons persepsies van die moderne anti-Semitisme terug te projekteer op die antieke tydvak. Die ernstige navorser sal hierdie drie wesenlike probleme voortdurend in ag moet neem.

Oor die eerste historiese manifestasies van anti-Semitisme bestaan daar verskil. In sy bekende artikel in Pauly-Wissowa maak Heinemann (1931: kol. 6-7, 19) 'n verskil tussen "Judenhass" en "Judenhetzen" en beweer met stelligheid dat daar geen Jodevervolging voor die optrede van die troonpretendent Ptolemeus Latirus in 88 v.C. teenoor die Palestynse Jode aan te wys is nie. Dit wil egter voorkom of hy die begin van anti-Semitisme as sodanig tog wil terugskuif na die tweede helfte van die tweede eeu voor Christus (1931: kol. 32 e.v.). Martin Hengel (1973:464) sluit in soveel woorde by hom aan, maar noem spesifiek die Makkabese opstand en die daaropvolgende wedersydse verbittering as een van die basiese aanleidings vir die ontstaan van die vroeë anti-Semitisme (1973:469). Die meerderheid navorsers is egter van oortuiging dat die wortels van anti-Semitisme in die Joodse Diaspora gesoek moet word (Leipoldt, 1950: kol. 469; Holsten, 1957: kol. 456; Sevenster, 1975:181 e.v.; Goodman, 1986:594). Hierdie standpunt is na alle waarskynlikheid die korrekte. Soos vervolgens aangetoon sal word, bevestig ons beskikbare bronne hierdie siening en is daar aanduidings dat die vroegste spore van anti-Semitisme in die *Egiptiese* Diaspora gesoek moet word. Dit is bloot logies dat anti-Semitisme die produk sal wees van intensiewe en langdurige tussengroepkontak – 'n situasie eie aan die Diaspora.

Die Elefantine-papiri berig van 'n gewelddadige botsing tussen Egiptenare en Jode in 410 v.C. waartydens Egiptiese priesters 'n Joodse tempel (of altaar) vernietig het. Hierdie gebeurtenis kon 'n suiwer religieuse of sosiale belangebotsing sonder enige anti-Semitiese grondtone gewees het. Die vraag is egter waarom juis die *Joodse* heiligdom verwoes is. Sou dit wees vanweë die absoluutheidsaansprake van die Joodse geloof (Sevenster, 1975:182)? Op grond van hierdie soort vroeë bestempel Leipoldt (1950:469) die Elefantine-papiri as ons oudste bewysbron vir die bestaan van anti-Semitisme; Sevenster (1975:182) deel hierdie siening. Ons het egter reeds daarop gewys dat nie alle teen-Joodse

optrede noodwendig van *anti-Semitiesme* getuig nie. Dit sou derhalwe nie gerade wees om 'n blote *moontlikheid* sito-sito tot sekerheid te verhef nie.

Hekataius van Abdera (ongeveer 300 v.C.) was wel nie uit Egipte afkomstig nie, maar het daardie land besoek en sy beroemde hoofwerk, onder die titel *Aegyptiaca*, handel oor Egipte en die Egiptenaars. Hy brei in hierdie verband ook besonder breed uit oor die Joodse volk (vgl. die tekste soos aangebied, vertaal en bespreek deur Stern, 1974:20-44). Hekataius staan heel simpatiek teenoor die Jode. Stern (1974:21) beweer gevolglik: "Hecataeus is devoid of anti-Semitic feelings" (vgl. ook Stern, 1976:1106). Daar kom egter een opmerking by hom voor met 'n sterk negatiewe inslag: hy karakteriseer die Joodse leefwyse as ἀπάνθρωπος καὶ μισόξενος ("menssku en vreemdelinghatend" – teks by Diodorus Sikulus 60.3.4). Ten spyte van Heinemann (1931:32) se ietwat ongemaklike ontkenning van die skerp kantjies van hierdie uitdrukking, het dit 'n duidelike anti-Semitiese kleur (so ook Sevenster, 1975:189). Ons weet dat Hekataius onder meer Egiptiese tradisies weergee (Stern, 1976:1106). Dit is dus heel waarskynlik dat hy hier 'n stigmatisering van die Jode op gesigwaarde vermeld wat op daardie stadium reeds in Egipte in omloop was en wat later in eindelose herhaling by anti-Semitiese skrywers sou terugkeer (kyk ook die volgende artikel).

Daar bestaan ook sterk verskil van mening oor die posisie van Maneto, die Egiptiese priester wat in die eerste helfte van die derde eeu voor Christus 'n geskiedenis van Egipte geskryf het en van wie ons twee uitgebreide aanhalings by Josefus kry (*Ap.* 1.73-105,227-253). Sevenster (1975:188) sowel as Stern (1974:64; 1976:1113 e.v.) maak 'n sterk saak daarvoor uit dat die later so dikwels herhaalde bewering dat die Jode 'n groep melaatses was wat uit Egipte uitgedryf is, uit Maneto se eie pen voortspruit en nie as 'n latere interpolasie beskou moet word nie (insgelyks Goodman, 1986:596). Maneto moet derhalwe beskou word as die eerste Egiptiese literêre eksponent van die anti-Semitiese tendens (Stern, 1974:62). Weer eens was hy waarskynlik nie die skepper van hierdie vernederende stelling nie; hy boekstaaf – en onderskryf! – 'n reeds bestaande Egiptiese tradisie wat vermoedelik in priesterlike kringe as teenreaksie ontstaan het teen die bekende Joodse eksodusverhaal. Laasgenoemde was immers nie baie Egiptenaarvriendelik nie (vgl. Stern, 1976:1111). Maneto het die latere ontwikkeling van anti-Semitiese literatuur sterk beïnvloed.

'n Mens sou kon vra waarom juis Egipte die oudste tekens van anti-Semitiesme weerspieël, en dit dan ook nog in so 'n drastiese vorm. Die rede lê waarskynlik by die langdurige en prominente teenwoordigheid van die Jode in Egipte (vgl. Stern, 1976:1111). Literêr was hulle heel aktief, soos blyk uit die ontstaan van die Septuagint en die indrukwekkende arbeid van Filo in Aleksandrië. Hulle was ook prominent in Egiptiese politieke, militêre en ekonomiese kringe (Stern, 1976:1111). Dit is heel moontlik dat 'n Jood op 'n stadium die Egiptiese polisiehoof

was (Tcherikover & Fuks, 1957-1964 1:17). Papiri en ostraca bewys vandag onteenseglik dat sekere Egiptiese Jode welgestelde grondeienaars, boere, handelaars en belastingagente was (Tcherikover & Fuks, 1957-1964 1:17-19). Filo vermeld Jode wat as Aleksandrynse handelaars of as buitestedelike grondeienaars vrag met die Nyl langs vervoer het (*Leg. ad Gal.* 129). Sommige van hulle het skatryk geword, soos byvoorbeeld Aleksander die Alabarg, die broer van Filo, wat een van die rykste bankiers in Aleksandrië was (vgl. Sevenster, 1975:20). Die Jodekorps van Aleksandrië was blykbaar toegelaat om 'n πολιτευμα met politieke en regsprekende bevoegdheid te vorm (Bell, 1925:12-13). Hulle het egter nie as groep volle burgerskapstatus geniet nie (Bell, 1925:11-16). Sevenster (1975:176) gee 'n humoristiese voorbeeld van 'n Jood wat 'n brief aan die prefek van Egipte rig en homself aanvanklik 'n Aleksandryn noem, maar dit dan moet korrigeer omdat hy nie volle burgerskap besit het nie.

In die lig van bogenoemde is dit verstaanbaar dat die Griekse en die inheemse bevolking van Egipte die groeiende magposisie van die Jode as 'n daadwerklike bedreiging beleef het (kyk verder onder 3).

Vroeë anti-Semitisme was egter nie tot Egipte beperk nie. Ons het ook nog getuienis vanuit die Oostelike Diaspora. Uit die uitspraak van Haman teen die Joodse volk blyk 'n duidelike anti-Semitiese ingesteldheid. Hy bestempel die Jode as 'n volk wat "hulle self apart hou van die ander volke. Hulle gebruik verskil van al die ander nasies s'n en hulle gehoorsaam nie die wette van die koning nie. Dit is nie in die koning se belang om hulle te laat begaan nie" (Est. 3:8: Nuwe Afrikaanse Vertaling). Hierdie uitspraak bevat tipiese aspekte van anti-Semitiese beswadding soos dié dat hulle hulle eenkant hou (vgl. die latere ἀμείξια-klag) en dislojale burgers is. Die probleem lê egter by die datering en historiese beoordeling van hierdie uitspraak. Oor die ontstaansdatum van die boek Ester en die beoordeling van sy bronne bestaan daar veel onsekerheid. Het ons hier die tru-projeksie van 'n tweede-eeuse situasie (bv. uit die Makkabese tydperk) na die Persiese tydperk, of 'n heelwat ouer tradisie, of straks iets van albei? Wat ons in elk geval kan aanvaar, is dat die boek Ester na alle waarskynlikheid heel vroeë getuienis bied aangaande anti-Semitisme in die Oostelike Diaspora. Oor die omvang en aard daarvan weet ons origins baie min.

Uit die beskikbare bronne is dit duidelik dat daar wel anti-Semitiese tendense in die tydperk voor 150 v.C. bestaan het, maar dat dit nog heel sporadies was. Positiewe uitsprake by Griekse skrywers aangaande die Joodse volk oorheers egter op hierdie stadium nog heeltemal (Heinemann, 1931: kol. 32; Sevenster, 1975:182 e.v.; vgl. ook Stern, 1976:1111). Dit lyk ook aanvaarbaar dat anti-Semitisme sy wortels in die Diaspora gehad het en vermoedelik eerste in Egipte posgevat het. Die potensiaal daartoe het egter oral bestaan waar groepies Jode tussen ander bevolkingsgroepe gevestig was. Diverse faktore sou weldra bydra tot meer konfrontasies en tot die verdere internasionalisering van anti-Semitisme.

3. Toenemende anti-Semitisme vanaf ongeveer 150 v.C.

In die lig van die historiese probleme wat reeds aangesny is, is dit baie moeilik om algemene tendense uit te wys. Tog kan moeilik ontken word dat die *frekwensie* en *intensiteit* van anti-Semitiese uitlatings en uitbarstings vanaf ongeveer die tweede helfte van die tweede voor-Christelike eeu duidelik toegeneem het.

Antiochus Epifanes se drastiese anti-Joodse maatreëls dateer in werklikheid reeds van voor 150 v.C. Hulle is egter kenmerkend van en vooruitwysend na hierdie tweede fase. Sy anti-Joodse optredes is van so 'n buitengewoon drastiese aard dat hulle moeilik aan bloot politieke motiewe toegeskryf kan word (teen Reicke, 1965:43). Om onder meer die brandofferaltaar op die tempel terrein in 'n Zeus-altaar te omskep en varke daarop te offer (Josefus, *Antiq.* 12.53), getuig van blatante kwaadwilligheid wat moeilik van daadwerklike anti-Semitisme onderskei sou kon word.

Ons neem nou 'n voëlvlugkyk oor die verskynsel van toenemende anti-Semitisme oor die hele Mediterreense gebied in die tydperk vanaf ongeveer 150 v.C tot die tweede na-Christelike eeu. Ons kan gerieflikshalwe onderskei tussen *geskrewe anti-Joodse uitlatings* en *anti-Joodse optredes of konfrontasies*. Met 'n geografiese verdeling as basis sal ons telkens eers kyk na die belangrikste tersaaklike geskrewe uitsprake, maar sonder om hier in detail op hulle inhoud in te gaan (vgl. egter die breë oorsig by Stern, 1976:1111-1158). Na die geskrewe uitsprake sal daadwerklike anti-Semitiese optredes en konfrontasies aan die bod kom.

3.1 Egipte

Ons het reeds gesien dat Egipte die belangrikste en waarskynlik die oudste voedingsbodem van die antieke anti-Semitisme was. Dit is derhalwe nie verbasend dat van die heel sterkste anti-Semitiese uitsprake by Egiptiese skrywers voorkom en vandaar hulle weg na ander lande gevind het nie. Die name van Lisimagus, Apion en Gaeremon is hier prominent.

Eersgenoemde het moontlik in die eerste eeu voor Christus geleef (Hengel, 1973:474) en was 'n uitgesproke anti-Semiet. Josefus noem hom tereg 'n geswore vyand van die Jode (*Ap.* 1.304). Apion (eerste helfte van die eerste eeu n.C.) was 'n invloedryke Aleksandryn en een van die giftigste opponente van die Jode, soos onder meer blyk uit die breedvoerige aandag wat Josefus aan hom gee in sy *Contra Apionem*. Sy jonger tydgenoot, Gaeremon, was 'n intellektueel, waarskynlik afkomstig uit die priesterklas, wat onder meer as leermeester van die Romeinse keiser, Klaudius, opgetree het. Hy volg in hooftrekke die Egiptiese tradisie van Maneto (Stern, 1976:1116).

Drie interessante argeologiese vondste belig die wedersydse sensitiewe wat daar tussen Jode en Egiptenaars bestaan het. Die eerste is 'n papyrusbrief uit die eerste helfte van die eerste eeu v.C. Dit kom na alle waarskynlikheid van 'n Jood en word gerig aan 'n volksgenoot. Hy maak die volgende terloopse stelling aangaande 'n Egiptiese priester: "Jy weet mos hulle verafsku die Jode". Tcherikover en Fuks (1957-1964:1, 256), wat hierdie papyrus gepubliseer het, bestempel dit as die eerste aanduiding van anti-Semitisme uit die daaglikse lewe van Hellenistiese Egipte wat aan ons bekend is. Sy teenhanger is die brief wat 'n Egiptiese sakeman genaamd Sarapion in die veertigerjare van die eerste eeu na Christus aan sy agent of familielid in Aleksandrië skrywe en waarin hy hom waarsku om nie met Jode sake te doen nie (teks by Tcherikover & Fuks, 1957-1964 I:256; meer hieroor later). Na alle waarskynlikheid is hier 'n sterk negatiewe stereotipe aan die werk.

'n Derde bron is die sogenaamde *Handelinge van die Aleksandrynse martelare* wat in die vorige eeu ontdek en tussen 1882 en 1889 gepubliseer is (tekste beskikbaar by Tcherikover & Fuks, 1957-1964 II:55-107). Daaruit blyk hoeveel verbittering daar in die tweede eeu n.C. by die nie-Joodse deel van die Aleksandrynse bevolking teen die Jode bestaan het. Alhoewel hierdie tekste primêr teen die Romeinse owerheid gerig is, bevat hulle sonder enige twyfel blyke van blatante anti-Semitisme. Die anti-Semitiese gevoelens was in werklikheid reeds so ingebed in die Aleksandrynse gemoed, dat dit as 'n vanselfsprekende strategie gebruik is om die Romeine by te kom: Romeine wat enigsins met die Jode gesimpatiseer het, was vanselfsprekend ook verwerplik (Tcherikover & Fuks, 1957-1964 II:57).

Soos reeds gemeld, is dit in hierdie vroeë tydperk besonder moeilik om te weet wanneer anti-Semitisme 'n rol by botsings tussen Joodse en ander groepe gespeel het en wanneer nie. In Aleksandrië was daar oor 'n lang tydperk hewige konfrontasie tussen die Griekse en die Joodse stadsbewoners. Josefus verklaar selfs dat daar sedert Aleksander die Grote 'n blywende konfrontasie (ἀεὶ στάσις) tussen die inheemse bevolking van Aleksandrië en die Joodse setlaars was (*Bell. Jud.* 2.487). Hierdie konfrontasies het mettertyd beslis anti-Semitiese dimensies aangeneem. Ons moet in gedagte hou dat namate anti-Semitiese persepsies in die Mediterreense kom gevestig geraak het, dit 'n steeds groter rol in sodanige konfrontasies sou kon speel.

Die Joodse Diaspora was reeds heel vroeg in Aleksandrië gevestig. Volgens Josefus het Jode reeds vanaf die stigting van hierdie beroemde stad deur Aleksander die Grote in Aleksandrië gewoon. Aleksander sou volgens Josefus reeds van die begin af dieselfde regte aan die Jode as aan die Griekssprekende inwoners gegee het (*Bell. Jud.* 2.487; *Ap.* 2.35). Volgens papirologiese getuienis kan Josefus se stelling korrek wees (vgl. Bell, 1924:10), maar dit is waarskynlik ietwat oordrewe (kyk punt 2 hierbo in verband met Aleksandrynse burgerskap).

Die Jode het aanvanklik die sogenoemde Deltawyk betrek. In die eerste eeu was reeds twee wyke van die stad oorheersend Joods, terwyl Jode ook in ander stadswyke gevestig was (Bell, 1924:10).

Soos ons reeds hierbo uitgespel het, was die Jode in Egipte, en veral in Aleksandrië, heel invloedryk en het hulle 'n relatiewe magposisie bereik wat slegs in Palestina self oortref is. Dis te begrype dat hierdie magposisie aan die Aleksandrynse Jode besondere selfvertroue en waagmoed verleen het. Daarteenoor het die Griekssprekende Aleksandryne die Jode se magposisie as 'n groeiende bedreiging ervaar. Boonop was die besondere godsdienstige voorregte wat die Romeinse owerhede aan die Jode toegestaan het, vir die plaaslike bevolking 'n steen des aanstoots, des te meer aangesien die Romeinse bewind by hulle allermens geliefd was (Bell, 1924:31). Filo verklaar in soveel woorde dat die bloedige vervolging van die Aleksandrynse Jode in sy leeftyd geensins onverwags was nie. Dit was die gevolg van 'n reeds lang smeulende haat (*Leg. ad Gai.* 120) Hy praat selfs van die “ou en – mens kan sê – ingebore vyandskap teen die Jode” (*Flacc.* 29). Die kombinasie van al hierdie faktore het daartoe bygedra dat Aleksandrië vir baie jare 'n anti-Semitiese kookpot was.

Die eerste groot konfrontasie het in 38 n.C. begin toe koning Agrippa I, 'n protégé van keiser Kaligula, onderweg na sy nuutverkreë koninkryk in die gebied noordoos van Palestina in Aleksandrië aangedoen het. Hy is jubelend deur die Aleksandrynse Jode ontvang. Uit reaksie maak die mateloos geïrriteerde Griekse inwoners 'n bekende gestremde figuur van die stad tot spotkoning en karikatuur van Agrippa en paradeer hom deur die strate. In die meedoënlose stryd wat ontstaan (kyk by Filo *Leg. ad Gai.* 120-131), word die Jode na die Deltawyk teruggedryf. Talle word vermoor en honderde Joodse huise afgebrand. Sommige sinagoges word totaal verwoes. Ander word onheilig deur afbeeldings van keiser Kaligula daarin te plaas. In 41, na die dood van die anti-Joodsgesinde Kaligula, breek daar weer eens botsings uit, maar hierdie keer was die Jode blykbaar die aggressors (Sevenster, 1975:27 e.v.). Die keiser moes op 'n stadium self ingryp. Uit 'n brief van keiser Klaudius uit die jaar 41 n.C. waarvan die inhoud gelukkig vir ons op papius bewaar gebly het (vgl. Bell, 1924:1-4), blyk dat Klaudius besondere moeite moes doen om die uiters gespanne situasie te probeer ontloot.

Die smeulende kole kon egter enige oomblik weer opvlam. Dit gebeur weer in die tydperk vanaf 66 n.C. en nog 'n keer in die tyd van keiser Trajanus. Laasgenoemde sou die heel bloedigste botsing van almal wees. Dit het soos te verwagte in Aleksandrië begin, maar het nie tot hierdie stad beperk gebly nie. Keiser Trajanus was op daardie stadium besig met 'n veldtog teen Mesopotamië en die Jode van Egipte en Sirene het hierdie geleentheid gebruik om hulle opgekropte griewe te wreek. Eusebius verklaar dat hulle teenoor hulle landgenote in opstand gekom het “asof besete deur 'n wilde gees van muitery” (*Hist. Eccl.* 4.2.2). Weldra het die gevegte na ander dele van die Romeinse Ryk versprei,

onder andere na Siprus en Griekeland. Hierdie gevegte het met die grootste geweld gepaard gegaan (Schürer, 1973:529-532). Die Jode het verwoed geveg en na bewering in hierdie proses skrikwekkende wreedhede gepleeg (Sevenster, 1975:17). In Egipte het hulle aanvanklik die oorhand gehad, maar moes uiteindelik swig. Die gevegte is eers in 117 n.C., na die bewindsaanvaarding van keiser Hadrianus, beëindig. Die Jodedom in Egipte het 'n vernietigende nekslag ontvang (Sevenster, 1975:17). Die hierbo vermelde *Handelinge van die Aleksandryse martelare* dateer waarskynlik uit hierdie tydvak (Schürer, 1973:533). Hierdie oorlog het so 'n onuitwisbare merk op die Egiptiese gemoed gelaat dat die oorwinning oor die Jode nog tagtig jaar later in die Oksiringus-distrik gevier is (vgl. Tcherikover & Fuks, 1957-1961 II:258-60).

3.2 Palestina, Sirië en Klein-Asië

Voordat aan anti-Semitiese uitlatings in hierdie streke aandag gegee word, moet billikheidshalwe gemeld word dat die meerderheid skrywers nie 'n anti-Semitiese inslag gehad het nie. In sy breë bespreking van hierdie skrywers dui Stern (1976:1118-1144) hierdie feit duidelik aan. (Goodman, 1986:607 verskil egter van hierdie siening.)

Een van die sterkste anti-Joodse skrywers uit die Klein-Asiatiese gebied was Mnaseas van Patara in Lisië (2de eeu v.C.). Alhoewel hy die eerste skrywer is – sover by ons bekend – by wie die lasterlike bewering voorkom dat die Jode 'n donkie aanbid, haal hy na alle waarskynlikheid 'n Egiptiese tradisie aan (Stern, 1976:1119 e.v.).

Josefus bestempel Posidonius van Apamea (135-51 v.C.) as een van die “sondebokke” in hierdie verband. Volgens hom het Posidonius saam met Apollonius Molon aan Apion sy skietgoed teen die Jode verskaf (*Ap.* 2.79). Stern (1976: 1123-1125) meen egter dat dit as gevolg van die eensydigheid van ons bronne moeilik is om Apollonius se daadwerklike posisie te evalueer. Stern (1976:1125) vestig onder meer die aandag daarop dat die (Siriëse) Apamea, anders as talle ander Siriëse stede, 'n heel vriendelike houding teen die Jode geopenbaar het. Ons moet egter in gedagte hou dat Posidonius wel oorspronklik van Apamea afkomstig was, maar dat hy in Atene gestudeer en veel gereis het voordat die eiland Rodos later die eintlike sentrum van sy aktiwiteite geword het. Vanweë sy strategiese ligging was Rodos boonop sterker as Apamea aan eksterne invloede blootgestel.

Nog 'n skrywer met Rodosbande was Apollonius Molon (1ste eeu v.C.), een van die beroemdste redenaars van sy tyd en 'n leermeester van groot Romeine soos Sisero en Julius Sesar. Afsiesien van die meer tradisionele belasting van die Jode (Josefus, *Ap.* 2.16, 79 e.v., 89, 91 e.v.), teken hy hulle volgens Josefus as talentlose barbare wat niks tot die menslike beskawing bygedra het nie. Bowen-

dien was Moses 'n bedrieër en is die Ou-Testamentiese Godsbegrip minderwaardig (*Ap.* 2.145, 148, 236, 255, 258, 295).

Ons kom vervolgens by daadwerklike konfrontasies tussen Jode en nie-Jode en begin met Palestina en omliggende streke. Die feit dat hier ook aandag gegee word aan Palestina self, bots nie met ons aanvanklike stelling dat anti-Semitisme in die Diaspora begin het nie. Nadat neigings tot anti-Semitisme elders posgevat het, kon dit immers maklik oorspoel na die Palestynse omgewing.

Die uiters drastiese wyse waarop Pilatus teen die Jode opgetree het (besonderhede by Schürer, 1973:383-387), kan minstens gedeeltelik aan anti-Semitisme toegeskryf word (so ook Sevenster, 1975:13, 171). Ons weet dat hy aangestel is in die tyd toe Sejanus, wat 'n sterk anti-Semiet was, nog 'n geweldige invloed aan die hof van keiser Tiberius uitgeoefen het. Sejanus het waarskynlik nie slegs 'n belangrike rol gespeel by Pilatus se aanstelling as prefek van Judea nie, maar het ook laasgenoemde se aanvanklik uitdagende maatreëls teen die Jode sterk beïnvloed (vgl. Reicke, 1965:130; Sevenster, 1975:14). Ons weet dat daar ook onder die latere Romeinse prokureure telkens konfrontasies plaasgevind het. Keiser Kaligula se opdrag dat 'n afbeelding van hom in die Jerusalemtempel geplaas moes word en die omstandighede rondom hierdie opdrag openbaar 'n sterk anti-Joodse inslag. Gemelde opdrag is voorafgegaan deur die oprigting van 'n altaar vir die keiser deur die Griekse inwoners van Jamnia om die Jode uit te tart (vgl. Filo, *Leg. ad Gai.* 200-202). Toe die Jode hierdie altaar afbreek, het Kaligula sy skokkende bevel as weerwraakmaatreeël uitgevaardig. Die Jode het onmiddellik met 'n massale passiewe weerstandsaksie begin en oumense, mans, vrouens, seuns en dogters het hulleself bereid verklaar om afgemaai te word eerder as om die gruwelike ontheiliging van die tempel toe te laat (Filo, *Leg. ad Gai.* 203-243; Josefus, *Bell. Jud.* 2.192-201; *Antiq.* 18.263-272).

Botsings tussen die Joodse bevolking van Palestina en die Romeinse prokureure was vanaf Kumanus (48-52 n.C.) tot Florus (64-66 n.C.) feitlik aan die orde van die dag (Schürer, 1973:455-470). Die toestand was in Kumanus se tyd so gespanne dat die geringste provokasie 'n uitbarsting kon veroorsaak. 'n Ongure anekdote by Josefus illustreer hierdie spanning beter as baie woorde: 'n Romeinse soldaat het by geleentheid gebuk en 'n onweloweglike geluid teenoor die Joodse skare naby die tempel laat hoor – 'n optrede wat onmiddellik oproer veroorsaak en volgens Josefus (retoriese oordrywing is een van sy kenmerke) die dood van baie duisende Jode meegebring het (*Bell. Jud.* 2.224-227; Sevenster, 1975:169). Van hier af tot by die Joodse Oorlog het dit eintlik steeds slechter gegaan.

Dit was egter nie net in Jerusalem en Jamnia dat die spanning hoog geloop het nie. Ook in Sesarea was daar oor 'n lang tydperk vyandskap. Josefus vertel van

'n Griek wat 'n stuk grond langs die Joodse sinagoge besit het en wat nie net hardnekkig geweier het om dit ver bo sy waarde aan die Jode te verkoop nie, maar hulle boonop so uitgetart het dat 'n aantal jong heethoofde tot geweld oorgegaan het – 'n aksie wat tot nog groter botsings gelei het (Josefus, *Bell. Jud.* 2.285-292). Die vyandskap het inderdaad vir baie dekades voortgeduur (Josefus, *Bell. Jud.* 2.457, 459; kyk ook Schürer, 1973:465-467).

Ander plekke waar botsings voorgekom het, was onder meer Filadelfia, Hesbon, Gerasa, Pella, Skitopolis, Askalon, Ptolemais, asook Antiogië en Seleukia in Sirië (Josefus, *Bell. Jud.* 2.457-480; 7.43-62; *Antiq.* 18.374-379). Selfs wanneer 'n mens Josefus se getalle met 'n stywe knypie sout neem, is talle Jode in hierdie konfrontasies doodgemaak. By geleentheid, soos in die geval van Skitopolis, was hulle volgens hom egter die aggressors.

Alhoewel ons bronne baie onvolledig is, weet ons tog dat hierdie antipatie alreeds van ver gekom het en nie tot die Palestynse omgewing beperk was nie. Sisero verskaf aan ons waardevolle inligting in hierdie verband. Uit sy opmerkings in sy verdediging van Flakkus, kan ons aflei dat laasgenoemde, as die *propraetor* van die Romeinse provinsie Asia, beslag gelê het op groot bedrae geld wat die Jode na die tempel wou stuur. Normaalweg was daar 'n verbod op die uitvoer van goud, maar die Romeinse owerhede het aan die Jode vergunning verleen om hulle tempelbelasting wel na Jerusalem te vervoer. Uit die name wat Sisero noem, blyk dat beslagleggings in die Frigiese Apamea, in Laodisea, Adramittium en Pergamum plaasgevind het. Daar was nie noodwendig in al die genoemde stede gewelddadige botsings soos Sevenster (1975:15) aanvaar nie. Volgens ons inligting was die verhoudings tussen Jode en nie-Jode in die Frigiese Apamea byvoorbeeld heeltemal positief (*vide infra*). Ons kan egter aanvaar dat daar wel in sekere van die genoemde omgewings bitterheid en botsings was. Die vraag is wat Flakkus gemotiveer het om hierdie drastiese stap te neem. Die vermoede dat die plaaslike inwoners teen die uitsonderlike bevoorregting van die Jode van Romeinse owerheidskant in verset gekom het, is glad nie so vergesog nie.

Wat die tyd van Augustus betref, berig Josefus dat die Jode in Asia mishandel en vervolg is. Hy maak in hierdie verband ook melding van probleme rondom die geld wat vir die tempel in Jerusalem afgesonder is. Keiser Augustus moes uiteindelik ingryp en die oorspronklike bepalinge ten opsigte van die regsposisie van die Jode herbevestig (*Antiq.* 16:160-166).

Verdere getuienis oor anti-Joodse gevoelens in die eerste-eeuse provinsie Asia kry ons uit wat Handeling 19:33 e.v. handelings aangaande die oproer rondom Paulus se optrede in Efese berig. Die stadsbevolking van Efese wou volgens Handeling 19:33 e.v. nie vir Aleksander toelaat om hulle toe te spreek nie, bloot omdat hy 'n Jood was. Die implikasie is dat daar op daardie stadium sterk anti-Joodse gevoelens in Efese moes geheers het.

Uit bogenoemde gegewens is dit duidelik dat daar ook in en rondom Palestina, Sirië en in dele van Klein-Asië anti-Semitiese gevoelens bestaan het. Die vraag is hoe sterk en wydverspreid hierdie verskynsel was. Enersyds sou dit heeltemal foutief wees om uit die beskikbare gegewens te konkludeer dat anti-Semitisme in die eerste eeu na Christus 'n algemene of selfs wydverspreide tendens geword het. Daarvoor is die aanduidings uit ons inligtingbasis heeltemal te skraal. Daarbenewens weet ons ook dat die verhouding tussen Jode en nie-Jode in meer as een plek heeltemal goed was. Anders as in baie ander Siriese stede was onderlinge verhoudinge byvoorbeeld in die Siriese Apamea heel vriendelik (Stern, 1976:1125). Dieselfde was na alle waarskynlikheid ook die geval in Akmonie (Millar, 1986a:28-31; Breytenbach, 1996:48), in die Frigiese Apamea (Breytenbach, 1997:371-3), in die Pisidiese Antiogië (Breytenbach, 1996:47-50) en waarskynlik ook in Sardis (Breytenbach, 1997:375-378). Die byna terloopse ontdekking in 1976 van die Afrodiasiassteen wat ondertussen beroemd geword het, het aan ons nog verdere welkome inligting verskaf (volledige oorsig by Reynolds en Tannenbaum, 1987). Uit die inskripsie op die steen blyk dat nege van die "godvresendes" wat die sinagoge ondersteun het, welvarende lede van die bestuursraad van Afrodiasias was! Hierdie toedrag van sake sou ondenkbaar wees as daar sterk anti-Semitiese stromings in Afrodiasias bestaan het.

Aan die ander kant blyk dit uit die beskikbare gegewens dat, alhoewel belangrike skrywers soos Polibius en Strabo geensins onsimpatiek teenoor die Jodedom gestaan het nie (kyk bv. Stern, 1976:1121 e.v., 1128-1137), anti-Semitisme tog by sekere skrywers en in sekere sentrums voorgekom het en wel in 'n ernstige vorm. Dit was egter nêrens so wydverspreid as in Egipte nie. Anti-Semitisme het op daardie stadium reeds 'n internasionale karakter aangeneem, maar dit sou foutief wees om dit te tipeer as 'n verskynsel wat algemeen voorgekom het.

3.3 Rome

Verskeie Romeinse skrywers het hulle antipatie teenoor die Jode nie onder stoele en tafels weggesteek nie. Die Romeinse anti-Semitisme bevat 'n element wat dit in 'n besondere mate stempel: minagting. Die Romeinse owerhede het wel allerlei spesiale toegewings aan die Joodse volk gemaak, maar dit het geskied uit pragmatiese oorwegings. Van respek of selfs bewondering soos teenoor die Griekse kultuur was daar oor die algemeen nie sprake nie. Slegs enkele skrywers het aspekte van die Joodse godsdiens waardeur (Stern, 1976:1145-1149). Die trotse Romein het meesal neergesien op hierdie hardnekkige volkie met sy rare *superstitio*. Seneka (by Augustinus, *De Civ. Dei* 6.11) sowel as Tasitus (vgl. by Sevenster, 1975:21) tipeer die Jode as 'n "afstootlike volk" (*sceleratissima gens*). Ons tel die eerste spore van hierdie negatiewe houding reeds by Sisero in die eerste eeu voor Christus op en vind dit terug in die werke van Romeinse satirici, historici en vele ander.

Stern (1976:1144 e.v.) probeer die anti-Semitiese klanke in Sisero se verdediging van Flakkus afplat deur te wys op die gebruikelike aftakeling van opponente in hofgedinge, maar slaag nie heeltemal daarin nie. Self nie heeltemal deur sy eie poging oortuig nie, dek hy homself deur te sê: “we cannot call Cicero an outright anti-Semite”. Sisero noem die Joodse geloof ’n *barbara superstitio* en tipeer die Jode as asosiaal – ’n tipering wat in ’n groot mate ooreenstem met dié van sy anti-Semitiese leermeesters Posidonius en Apollonius Molon.

In ’n beoordeling van Sisero se posisie sal ons beslis met die retoriese proses van vilifikasie rekening moet hou. Dit is egter te betwyfel of ons in hierdie opsig blote beswadding het. Sevenster (1975:51) meen tereg Sisero se aanval “would not merely have been the rhetorical tricks of a defence advocate”. Dit sou immers baie dom van ’n advokaat wees om van vilifikasie gebruik te maak wat teen die hof se sentimente sou indruis. Moontlik reflekteer Sisero hier bloot gevoelens van die kringe waarin hy beweeg. Indien hyself egter nie anti-Semitiese gevoelens gekoester het nie, steek hy dit baie goed weg. Dit is veelbetekend dat hy nie terugdeins vir snydende sarkasme as hy verwys na die jammerlike lot waarin die Joodse uitverkorenheid hulle beland het nie (*Pro Flacco* 18.66-69).

Hierdie selfde tipe beswadding kry ons later ook nog by Romeinse skrywers wat spot met of krities verwys na die Joodse Sabbat, die besnydenis en die weerhou-ding van varkvlies (kyk die oorsig by Sevenster, 1975:124-138). ’n Mens sou kon argumenteer dat ons nie noodwendig in hierdie opsig met anti-Semitiese te make het nie, maar met neerhalende satire wat ook teen enige ander volk met vreemde gewoontes gerig sou kon gewees het. Die skerpte en frekwensie van hierdie verwysings wys egter in ’n ander rigting.

Onontkenbare aanduidings van anti-Semitiese kry ons by Seneka, Kwintilianus en Tasitus. Eersgenoemde wat, soos ons reeds gesien het, die Jode as ’n “afstootlike volk” beskryf, het die verspreiding van die Oosterse godsdienste na Rome gestriem, maar hom heel in die besonder teen die Joodse godsdienste en die Jode uitgelaat. Hy val die Joodse gebruike en seremoniële wette aan en kritiseer onder meer hulle Sabbatviering. Wat Kwintilianus betref, gee selfs Stern (1976: 1152 e.v.) sonder meer toe dat hy beslis vyandig teen die Jode was. Hy gaan so ver om die Jode as ’n vloek vir ander volkere te tipeer (*Inst. Orat.* 3.7.21). Die skerpste anti-Semitiese uitsprake in die Latynse literatuur kry ons egter by niemand minder nie as die bekende historikus Tasitus. Alhoewel hy verskillende tradisies ten opsigte van die Jode deurgee, lê sy simpatie duidelik by die skerp anti-Joodse, Egiptiese posisie (vir voorbeelde van sy vlymskerp uitsprake vgl. Stern, 1976:1154-7). Ons verneem egter ook by ander Romeinse skrywers negatiewe verwysings. Horasius verwys smalend na hulle bekeringswyer en liggelowigheid (*Sat.* 1.4.139-143; 1.5.96-104). Martialis onder andere beskou hulle as ’n bedelvolk (*Epigr.* 12.57.13). Ook die satirikus Juvenalis is geen vriend van die Jode nie (Stern, 1976:1157 e.v.). ’n Uitspraak van Dio Kassius kom ook

hier ter sprake. Sy berig oor die ongelooflike wreedhede van die Jode teenoor hulle teenstanders tydens die opstand onder Trajanus (kannibalisme ens.) word verskillend vertolk. Die eensydigheid van sy beriggewing verraai egter tog 'n moontlike anti-Joodse ingesteldheid (Sevenster, 1975:28 e.v.). Selfs nog in die vierde eeu kla Ammianus Marsellinus oor die Jode se onwelriekendheid (*Res Gest.* 22.5.5). Name en uitsprake kan in hierdie verband nog vermeerder word (kyk bv. Sevenster, 1975:195).

In die optrede van die Romeinse owerhede teenoor die Jode kry ons 'n duidelike ambivalensie. Aan die een kant word die Jode besonder bevoorreg; aan die ander kant is hulle meermale die slagoffers van skerp maatreëls. In aansluiting by sekere voorregte wat die Diaspora-Jode reeds onder sommige Ptolemeërs en Seleusiede geniet het, het Julius Sesar aan hulle verreikende vergunnings verleen. Dit het neergekom op die vrye beoefening van hulle godsdiens en die gebruike wat daarmee saamhang, die administrasie van hulle eie finansies en ook die beoefening van regspraak in eie geleedere (Millar, 1986b:114-121; ook Delling, 1987:49-55). Hierdie vergunnings is ook nog onder die Romeinse prinsipaas behou en telkens herbevestig (Millar, 1986b:121-125). Augustus het dit selfs uitgebrei. Terselfdertyd vind ons egter dat daar meermale drasties teen Jode opgetree is. Ook in hierdie opsig is dit onmoontlik om presies vas te stel in watter gevalle anti-Semitisme 'n rol gespeel het, maar is dit onrealisties om dit summier te ontken.

Waarskynlike tekens van anti-Semitisme kry ons in die eerste deel van Tiberius se regering toe Sejanus nog 'n sterk faktor was. Dit word wyd aanvaar dat laasgenoemde 'n sterk anti-Joodse houding geopenbaar het (Schürer, 1973:343 n. 17; Sevenster, 1975:12; Millar, 1986a:76). Filo (*Flacc.* 1) en ook Hieronimus verklaar dat Sejanus die Jode wou uitroei (by Eusebius, *Chron.* II, p 151; kyk by Millar, 1986a:76). 'n Goeie voorbeeld van sy houding is die drastiese strafmaatreël wat in 19 n.C. teen die Jode getref is. 'n Paar van hulle het vir Fulvia, 'n simpatiserende Romeinse dame, met 'n aansienlike bedrag geld bedrieg onder die voorwendsel dat dit na die tempel in Jerusalem sou gaan. In plaas daarvan dat net hierdie Jode gestraf is, moes alle Jode Rome verlaat. Vierduisend Joodse mans is na Sardinië gedeporteer om aldaar teen die rowers te gaan veg (Millar, 1986a:76). Dit is ook opmerklik dat Tiberius se optrede aansienlik Jode-vriendeliker geword het na Sejanus se dood in 31 n.C. (Millar, 1986a:76 e.v.).

Anti-Joodse gevoelens het nie hierna van die toneel verdwyn nie. Ons het reeds onder punt 3.2 hierbo na die buitensporige optrede van Kaligula in 39/40 n.C. verwys. Dit sou daarenteen foutief wees om die Edik van Klaudius uit die jaar 49 aan anti-Semitiese oorwegings toe te skrywe. Soos blyk uit Klaudius se skrywe aan Aleksandrië het hy 'n heel gebalanseerde standpunt teenoor die Jode gehandhaaf (vgl. Bell, 1924:1-23). Dit wil eerder voorkom of die gemelde edik die gevolg was van ernstige botsings tussen Jode en Christene oor die Christus-

verkondiging. Bowendien wil dit voorkom of slegs die leierfigure Rome moes verlaat (vgl. Du Toit, 1998).

'n Faktor wat anti-Joodse aksies teen die tweede helfte van die eerste eeu in 'n mate kon gedemp het, was die positiewe invloed van die Joodse propaganda en leefwyse. Ons weet dat selfs die keiserlike hof hierdeur geraak is (kyk Millar, 1986a:78). Poppaea, die vrou van Nero, het byvoorbeeld sterk positief teenoor die Joodse geloof gestaan, al was sy dalk nie 'n daadwerklike godvereerder soos Josefus beweer nie (*Antiq.* 20.195; *Vit.* 16). Aan die ander kant was dit weer juis hierdie Joodse propaganda wat in sekere kringe sterk weerstand uitgelok het. Die Joodse opstande onder Nero, Trajanus en Hadrianus het die skaal egter baie sterk in die negatiewe rigting laat swaai (Leipoldt, 1950: kol. 470). Ten spyte van sy verliefdheid op die Jodin Berenies, moes Titus byvoorbeeld van laasgenoemde afsien op grond van die openbare mening. Die onsedelike lewe van Berenies kon ook 'n rol gespeel het. Leipoldt (1950: kol. 470) beskou die feit dat sy 'n Jodin was, egter as die beslissende faktor. Die feit dat die Joodse tempelbelasting na die Joodse Oorlog na Rome gestuur en aan die tempel van *Jupiter Capitolinus* oorbetaal moes word, was vir die Jode een van die bitterste pille denkbaar en het beslis nie bygedra tot die bevordering van positiewe gesindhede nie. Van sy kant het keiser Domitianus hierdie invordering so drasties deurgevoer dat wesenlike anti-Joodse gevoelens by hom aanvaar moet word (vgl. Schürer, 1973:528). Ons verneem ook dat hy Romeine wat tot die Joodse geloof oorgegaan het, swaar gestraf het, onder meer met die dood (Dio Kassius, *Hist. Rom.* 67.14.1-3). Onder hulle was selfs 'n belangrike familielid van hom, naamlik die konsul Flavius Klemens (sy vrou Flavia Domitilla was na alle waarskynlikheid 'n Christin – Lampe, 1989:166-172).

Ons weet nie wat alles agter Hadrianus se verbod op die besnydenis gesit het nie. Dit is moontlik dat anti-Semitisme hierby betrokke was, asook by die opdrag tot die oprigting van 'n heidense heiligdom op die tempelsterrein in Jerusalem. Ons moet egter in gedagte hou dat die bloeddorstige Joodse opstande onder Trajanus so pas agter die rug was. Hierdie twee maatreëls kon dus 'n politieke strategie gewees het om alle Joodse invloed en weerstand finaal uit te roei. Dis te begrype dat die Romeine, wat nie die Joodse religieuse sentimente kon waardeer nie, op hierdie stadium reeds heeltemal keelvol vir die Jode moes gewees het. Schürer (1973:537-540) wys in hierdie verband daarop dat die Jode geensins die enigste volk was wat die besnydenis toegepas het nie. Hierdie maatreël sou dus nie slegs hulle raak nie. Andersyds sou dit die Jode, vanweë die besondere religieuse betekenis wat hulle aan die besnydenis geheg het, sekerlik op 'n heel besondere wyse getref het.

Hiermee moet volstaan word. Wat die Romeinse houding teenoor die Jode betref, is dit duidelik dat talle skrywers negatief en sommige selfs duidelik antipaties teenoor die Joodse volk gestaan het. Hulle uitsprake het vermoedelik 'n breër

gevoel in Rome weerspieël, alhoewel ons histories nie meer kan bepaal in watter mate die deursnee-Romein daarby betrokke was nie. Sommige optredes en maatreëls van owerheidskant is sekerlik uit anti-Semitisme gebore, maar om definitiewe uitsluitel oor die motivering vir elke afsonderlike teen-Joodse optrede te kry is onmoontlik. Die offisiële standpunt, wat die Joodse godsdiens reeds sedert Julius Sesar as 'n *collegia licita* gehanteer het, het egter beslis inhêrend teenoor drastiese en volgehoue anti-Joodse optredes gewerk. Indien hierdie vergunning nie so vroeg reeds gevestig was nie, sou die geskiedenis sonder twyfel veel bloediger verloop het.

4. Konklusie

Dit het uit die beskikbare bronne geblyk dat anti-Semitisme reeds voor 150 v.C. bestaan het, maar destyds nog slegs sporadies voorgekom het. Die wortels van anti-Semitisme gaan terug na die Egiptiese Diaspora waar Joodse en Egiptiese groepe reeds vroeg skouers geskuur het. Die eerste seker spore van anti-Semitisme kry ons om en by die jaar 300 v.C. by Hekataius. Hy haal 'n Egiptiese tradisie aan wat heelwat ouer kan wees. Die boek Ester is 'n moontlike getuie vir anti-Semitisme in die Oosterse Diaspora in hierdie vroeë tydperk. Na die jaar 150 v.C. neem anti-Semitisme sterk in omvang toe en dit word geïnternasionaliseer. Hierdie feit blyk onomstootlik uit negatiewe verwysings na en die vermelding van optredes teen Jode in Egiptiese, Palestynse, Siriese, Klein-Asiatiese en Romeinse bronne. Hierdie anti-Semitiese tendense sou ongetwyfeld nog sterker gewees het indien die Joodse godsdiens nie deur die Romeinse staat as 'n *collegia licita* erken is en as sodanig amptelike beskerming geniet het nie.

Bibliografie

- BELL, H.I. 1924. *Jews and Christians in Egypt*. Oxford : Oxford University Press
- BREYTENBACH, Cilliers. 1996. *Paulus & Barnabas in der Provinz Galatien. Studien zu Apostelgeschichte 13f, 18, 23 und den Adressaten des Galaterbriefes*. Leiden-New York-Köln : Brill
- BREYTENBACH, Cilliers. 1997. Fasette van die Jodedom in die Diaspora. (*In* Du Toit, A.B., red. *Die leefwêreld van die Nuwe Testament. Handleiding by die Nuwe Testament 2*. Halfway House : Orion. p. 337-383.)
- DELLING, G. 1987. *Die Bewältigung der Diasporasituation durch das hellenistische Judentum*. Göttingen : Vandenhoeck & Ruprecht.
- DU TOIT, A.B. 1998. "God's beloved in Rome" (Rm 1:7). The genesis and socio-economic situation of the first generation Christian community in Rome. *Neotestamentica* 32(3). Special edition. (Verskyn eersdaags.)
- GOODMAN, M. 1986. VI. Apologetics. (*In* Schürer, E [Vermes, G., Millar, F., Goodman, M. *final eds.*] *The history of the Jewish people in the age of Jesus Christ 3/1*. Edinburgh : Clark. New English edition, rev. and ed. p. 595-616.)
- HEINEMANN, I. 1931. Antisemitismus. (*In* Wissowa, G., Kroll, W. *et al.*, *Herausg* Paulys Real-Encyclopädie der classischen Altertumswissenschaft. Neue Bearbeitung Supplementband 5. Stuttgart : Metzler. kol. 3-43.)

- HENGEL, M. 1973. Judentum und Hellenismus. Wissenschaftliche Untersuchungen zum Neuen Testament 10. Tübingen : Mohr (Paul Siebeck). 2. Auflage.
- HOLSTEN, W. 1957. Antisemitismus. (*In* Von Campenhausen, H., Dinkler, E. *et al.*, *Herausg.* Die Religion in Geschichte und Gegenwart 1. Tübingen : Mohr [Paul Siebeck]. 3. Auflage. kol. 456-459.)
- LAMPE, P. 1989. Die stadtrömischen Christen in den ersten beiden Jahrhunderten. Wissenschaftliche Untersuchungen zum Neuen Testament. 2. Reihe 18. Tübingen : Mohr (Paul Siebeck). 2. Aufl.
- LEIPOLDT, J. 1950. Antisemitismus. (*In* Klauser, Th. *Herausg.* Reallexikon für Antike und Christentum 1. Stuttgart : Hiersemann Verlag. kol. 469-476.)
- MILLAR, F. 1986a. 1. Geographical survey. (*In* Schürer, E. [Vermes, G., Millar, F., Goodman, M. *final eds.*] The history of the Jewish people in the age of Jesus Christ 3/1. Edinburgh : Clark. New English edition, rev. and ed. p. 3-86.)
- MILLAR, F. 1986b. 2/2. Constitutional position of the communities. (*In* Schürer, E. [Vermes, G., Millar, F., Goodman, M. *final eds.*] The history of the Jewish people in the age of Jesus Christ 3/1. Edinburgh : Clark. New English edition, rev. and ed. p. 107-125.)
- REICKE, B. 1965. Neutestamentliche Zeitgeschichte. Sammlung Töpelmann 2. Reihe Band 2. Berlin : Töpelmann.
- REYNOLDS, J.M. & TANNENBAUM, R. 1987. Jews and god-fearers at Aphrodisias. Cambridge Philological Society Supplementary Volume 12. Cambridge : Cambridge Philological Society.
- SCHÜRER, E. (Vermes, G. & Millar, F. *final eds.*) 1973. The Jewish people in the age of Jesus Christ 1. Edinburgh : Clark. New English edition, rev. and ed.
- SEVENSTER, J.N. 1975. The roots of pagan anti-Semitism in the Ancient World. Supplements to *Novum Testamentum* 41. Leiden : Brill.
- STERN, M. *ed.* 1974. Greek and Latin authors on Jews and Judaism 1. Jerusalem : Israel Academy of Sciences and Humanities.
- STERN, M. 1976. The Jews in Greek and Latin literature. (*In* Safrai, S. & Stern, M. *eds.* The Jewish people in the first century. *Compendia rerum Iudaicarum ad Novum Testamentum* 1/2. Assen/Amsterdam : Van Gorcum. p. 1101-1159.)
- TCHERIKOVER, V.A. & FUKS, A. *et al.*, *eds.* 1957-1964. Corpus papyrorum Judaicarum. Cambridge Mass. : Harvard University Press.

